

Dimensies en doelwitte van Rusland se nuwe betrokkenheid in Afrika

Fanie Herman

Fanie Herman, Departement Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Rusland se betrokkenheid op die Afrika-kontinent het in die laaste dekade geweldig toegeneem. Die geskarrel spruit voort uit die land se strewe om 'n teenwoordigheid saam met Amerika, China en Indië op die kontinent te handhaaf. Rusland beskik egter nie oor die vorme van diplomatieke invloed om op gelyke voet met dié moondhede mee te ding nie. Die land se plaaslike politieke stelsel plaas beperkinge op die mag wat in Afrika aangewend word. Dit bring ons by die navorsingsvraag: Watter vorme van diplomatieke of invloed gebruik Rusland om die guns van Afrikalande te wen? Die vraag word beantwoord aan die hand van 'n alternatiewe raamwerk wat deur Russiese skrywers voorgestel is om verhoudinge met Afrikalande te bepaal. Die hoofuitgangspunt is dat die raamwerk as alternatief dien vir die Weste se invloed in Afrika. Op dié vroeë stadium kan vermeld word dat die Weste demokrasie en goeie regering in Afrika bevorder, terwyl Rusland fokus op die sluit van vennootskappe met outokratiese regerings, die verkoop van wapens en die aanbied van veiligheidsdienste. Die raamwerk is gebou op politieke, ekonomiese en militêre dimensies van invloed en vorm ook die basis van die land se buitelandse beleid in Afrika. Die eerste deel van die artikel ondersoek dié dimensies. Verder is daar vyf doelwitte wat die dimensies onderskryf. Dit is om Afrika as 'n middel te gebruik om internasionale mag uit te brei; om grondstowwe en natuurlike hulpbronne te bekom; om wapens en veiligheidsdienste aan Afrika-regerings te verskaf; om te help met die voorsiening van energie en kapasiteit (die bou van kernkragsentrales); en om Russiese maatskappye vir die bou van infrastruktuur te gebruik. Die instrumente wat state gebruik om invloed uit te oefen, word kortliks beskryf om dit in perspektief te stel met Rusland se dimensies van invloed in Afrika. Die tweede deel van die artikel werp lig op die praktiese waarde wat die doelwitte met die dimensies van invloed inhou. Hier word verwys na voorbeelde en na projekte wat oor die laaste aantal jare voltooi is. Die derde deel van die artikel verskaf 'n kritiese evaluasie van Rusland se buitelandse beleid in Afrika. Die laaste deel van die artikel kyk na Afrikalande se sienings oor die teenwoordigheid van Rusland op die kontinent. Afrikalande beskou Rusland as 'n natuurlike vennoot as gevolg van beide partye se ondersteuning vir 'n multipolêre wêreld, teenkanting teen Westerse imperialisme, oproepe

vir die verandering van die internasionale orde en Rusland se bereidwilligheid om wapens aan Afrikalande te verskaf. Die bevindinge wys dat die voorsiening van veiligheidsdienste en die verskaffing van wapens die groot aandrywers van Rusland se betrokkenheid in Afrika is. *Politieke samewerking* is die sleutelbegrip om al die faktore bymekaar te bring. Kritiek is dat Rusland vennootskappe met outokratiese leiers sluit om strategiese invloed te verkry en die leiers onwettig aan bewind hou.

Trefwoorde: Afrika se perspektiewe oor Rusland; buitelandse beleid in Afrika; historiese agtergrond; Rusland-Afrika militêre samewerking; Rusland-Afrika strategiese vennootskappe

Abstract

Dimensions and objectives of Russia's new involvement in Africa

States' roles in international politics are characterised by the instruments they use to exert influence. *Foreign policy* and *diplomacy* are often mentioned in the same breath, but there is a clear difference. The foreign policy of a state encompasses the overarching goals of a state and the plans and actions to achieve the goals. This happens through interactions with other states. The main instrument for implementing foreign policy is diplomacy, but there are also other instruments, for example foreign aid and military intervention or force.

The main point of departure in the article is that Russia uses a different framework of influence to determine relations with African countries. Due to economic and financial constraints, Russia is unable to compete on equal footing with America and China. The question is what forms of diplomacy or influence Russia uses to win the favour of African countries. The first part of this article examines the political, economic and military dimensions of influence that also form the basis of Russia's foreign policy in Africa.

Furthermore, there are five objectives that underlie the dimensions, namely to use Africa as a means of expanding international power; to obtain raw materials and natural resources; to provide weapons and security services to African governments; to help with the provision of energy and capacity (building nuclear power plants); and to use Russian companies for building infrastructure.

The second part of the article sheds light on the practical value the dimensions hold with the dimensions of influence. Reference is made here to examples and to projects completed over the past number of years. The third part of the article provides a critical evaluation of Russia's foreign policy in Africa. The last part of the article looks at African countries' perspectives on the presence of Russia on the continent.

One of Russia's most important tools for exercising strategic influence in regions of the world is diplomacy. Diplomacy is particularly significant in the mediation of international conflicts, which in turn increases the pursuit of strategic goals. Diplomacy is important to raise Russia's international status, especially in the area of security. Over the past number of years Russia has acted as a mediator in the conflict in the Central African Republic (CAR). This is viewed by other countries as a step towards peace and stability.

Russia's diplomacy is formulated to directly benefit the country's foreign policy goals. In Africa it is a low-cost and efficient mechanism to expand geopolitical influence, for example in Libya, Mali and the CAR. In all three countries, strategic partnerships have been signed with the governments or military juntas. The reason is to deploy soldiers in conflict areas and increase the country's military presence.

Russia supports African countries in their efforts to find solutions to political, economic and security challenges. This helps African countries to determine their own future and become part of the global architecture. Social and economic progress is a prerequisite for peace and stability.

BRICS (Brazil, Russia, India, China and South Africa) is a major economic platform to promote cooperation between Russia and African countries. South Africa is viewed as the launching pad to Africa and an instrument for facilitating the grouping's economic and business deals on the continent. In 2013 Russia and South Africa signed a comprehensive strategic partnership. In 2018 Russia signed a Memorandum of Understanding (MoU) with the Southern African Development Community (SADC). This aims to promote trade between Russia and countries in the region and exchange technology.

Russia uses various economic sectors to exert influence in Africa. These include commodities such as agriculture, energy, technology, transport, and digitalisation. There are also many similarities between Russia and African countries' economic policies and strategies for development. One of the most important similarities is that natural resources are a primary source of income for both Russia and Africa.

Building infrastructure in the form of nuclear power plants is another area of Russia's economic activities. Rosatom, the state-owned energy supply corporation, began construction of Egypt's first nuclear power plant in 2020. Rosatom has also signed contracts with 17 other African governments to build nuclear power plants. These include Ethiopia, Nigeria, Rwanda and Zambia.

Military diplomacy is the main area of Russia's involvement in Africa. The cooperation includes the sale of weapons and the provision of security services. Russia is a major exporter of arms and ammunition to African countries. Arms sales for the period 2012 to 2021 increased by 28%. Between 2015 and 2018 more than 20 military cooperation agreements were signed with African governments.

Russia's participation in peacekeeping missions is another area of military diplomacy. The training of African Union (AU) peacekeeping troops is necessary to bring peace and stability to the continent. The focus is to resolve conflicts in the CAR, Mali and South Sudan. Large sums of money have already been donated to the AU's Peace Fund to train troops and purchase equipment.

Several private military companies (PMCs) have moved operations to Africa in the past few years. Groups from America, England, France and Russia are all active on the continent. The Wagner group from Russia stands out as the most prominent. Wagner is present in Libya, Madagascar, Mali, Mozambique, CAR and Sudan and performs a variety of tasks. These include training security personnel, protecting senior government officials (the president and elite), protecting energy infrastructure, mines and government departments. The presence of

PMCs also aims to promote the economic interests of private companies which are partners of the Russian oligarchs.

In what way do African countries contribute to Russia's position of power in the United Nations (UN)? The African group in the UN consists of 54 countries (28% of all UN member states) and is the largest regional grouping of all the member states. The group lends tremendous impetus to Russia's activities in the UN and gives rise to the formation of partnerships. These partnerships are important to challenge Western imperialism and the Euro-Atlantic international security order.

During the 2019 Sochi summit more than 30 business contracts were signed between Russia and African countries. The contracts range from economic cooperation agreements to military arms sales. By the end of 2022 trade between Russia and Africa had grown to USA\$20 billion.

Another aspect of Russia's foreign policy is to sign partnerships with African countries that have been neglected by the West. Russia has no problem providing assistance to African countries that are guilty of human rights abuses, for example Mali and Sudan.

Criticism from the West is that Russia uses non-conventional methods to exert influence in Africa. These include the deployment of mercenaries, disinformation campaigns, the exchange of weapons for minerals and the smuggling of precious stones. These low-cost, high-impact instruments of influence are used effectively to support autocratic leaders in Africa who are losing power and want to restore lost prestige. Russia's support for leaders in the CAR, Mali and Sudan are apt examples.

African countries accuse the West of failed policies on the continent. This leads to support for Russia. This refers not only to the West's colonial past, the so-called plundering of natural resources and slavery, but also to the Western international order.

The West's failure to apply the principles of democracy in practice is a further reason for supporting Russia. For example, there is little equality, fairness and mutual benefit in international organisations controlled by the West, while Russia and China promote a multipolar world supported by African countries.

The research question asked what forms of diplomacy or influence Russia uses to win the favour of African countries. There are mixed answers to the question. The political dimension shows that Russia does maintain good relations with countries that have traditionally been Russian allies. The economic dimension has major limitations, especially the absence of sufficient financial resources that can contribute to economic development. Russia is in a strong position in terms of military cooperation. In the CAR, Libya and Mali, Russia provides military aid to maintain security and stability and to protect the authoritarian leaders and elites.

How can relations between Russia and Africa improve? This depends on the signing of more bilateral agreements with governments, regional organisations and business sectors. These initiatives should provide for stronger trade ties, investments, the transfer of technology and educational exchange programmes. The key elements for facilitating the process are transparency and equality between all actors and not Russia's co-opting of leaders to gain strategic influence.

Keywords: Africa's perspectives on Russia; foreign policy in Africa; historical background; Russia-Africa military diplomacy; Russia-Africa strategic partnerships

1. Inleiding

Die hoofuitgangspunt in die artikel is dat Rusland 'n andersoortige raamwerk van invloed gebruik om verhoudinge met Afrikalande te sluit. As gevolg van ekonomiese en finansiële beperkinge is Rusland nie in staat om op gelyke voet met Amerika en China ten opsigte van Afrikalande mee te ding nie. Die mededinging tussen die groot moondhede is om die guns van Afrikalande te wen en nie met mekaar mee te ding vir invloed op die kontinent nie. China se minister van buitelandse sake, Qin Gang en die Amerikaanse sekretaris van die tesourie, Janet Yellen, het dit tydens onlangse besoeke aan Afrika duidelik gestel dat Afrika 'n verhoog vir internasionale samewerking moet wees en nie vir mededinging tussen die groot moondhede nie. Die moondhede wil almal hulle betrokkenheid in Afrika verhoog, maar nie ten koste van hulle eie diplomatieke verhoudinge nie (Mberi 2023). In terme van metodologie in hierdie artikel word die politieke, ekonomiese en militêre dimensies ontleed om lig te werp op Rusland se rol in Afrika. Die literatuur dui aan dat Westerse akademici Rusland se rol in Afrika geïgnoreer het tot met die land se militêre hulpverlening in 2017 aan die Sentrale Afrikaanse Republiek (SAR). Rusland se belangstelling in die SAR was die gevolg van 'n uitnodiging van president Faustin-Archange Touadéra aan die Wagner private militêre maatskappy (PMM) om Moslem-insurgente te beveg.

Marten (2019) en Hayrapetyan en Kučera (2021) beskryf Rusland se rol in Afrika as destabiliserend, hoofsaaklik as gevolg van die gebruik van PMM'e om disinformasieveldtogte te loods en outokratiese leiers aan bewind te hou. Russiese skrywers soos Irina Abramova (2017) wys egter daarop dat Rusland onder verskeie Afrikalande gewild is as gevolg van historiese solidariteit, teenkanting teen Westerse imperialisme en outoritarisme. Rusland ondersteun die outokratiese regerings van die SAR, Mali, Soedan en Libië. Russiese skrywers volg 'n benadering waar Rusland se belange voorkeur geniet en verskaf spesifieke riglyne hoe beleid in een gebied kan verbeter. Ander skrywers se posisie is neutraal en hulle wys op tekortkominge en beperkinge van Rusland se beleid in vergelyking met dié van ander rolspelers. In die literatuur word Rusland se betrokkenheid in Afrika op 'n kleiner skaal as dié tussen Amerika, China en Indië ontleed.

Verder word nie na die redes gekyk waarom Afrikalande Rusland se inval in Oekraïne ondersteun of nie ondersteun nie. Die fokus is op die historiese bande en politieke vennootskappe wat oor die afgelope dekades gesluit is. Die hoofgebied van ondersoek is Rusland se dimensies van invloed wat in wese verskil van die tradisionele maniere van invloed wat deur die Weste gevolg word. 'n Verskil is Rusland se ongewone en dikwels onwettige maniere om invloed uit te oefen. Dit word gesien in die ontplooiing van huursoldate, die loods van disinformasieveldtogte, ondersteuning vir staatsgrepe en die verruiling van wapens vir minerale. Deur middel van hierdie optredes is Rusland besig om die verspreiding van demokrasie in Afrika te ondermyn en outoritarisme as 'n normale vorm van regering voor te hou. Dit skep 'n gunstige toegangspunt vir Rusland se invloed in Afrika. Rusland se maniere van invloed uitoefen verskil van die Weste se fokus op deursigtigheid, verantwoordelikheid, die handhawing van die oppergesag van die reg, gelykheid en geregtigheid. Daar is natuurlik 'n ooreenkoms met die tipes diplomatie wat in die algemeen deur lande in die wêreld gevolg word. Dit is om gesonde

politieke verhoudinge te sluit, ekonomiese samewerking en handel te bevorder en saam te werk op die gebied van veiligheid.

Hier word nie gepoog om 'n breedvoerige bespreking van die dimensies van invloed weer te gee nie. Die fokus is op verwickelinge en gebeurtenisse wat 'n weerspieëling is van Rusland se oorhoofse betrokkenheid op die kontinent. Dit is 'n oorsig van die belangrikste areas van samewerking in die laaste aantal jare. Daar is natuurlik ooreenkomste met individuele lande veral in die voorsiening van elektrisiteit en wapens wat groot bepalers van die land se nuwe rol in Afrika is.

Die volgende afdeling kyk na die instrumente wat state aanwend om buitelandse beleid te implementeer. Dié afdeling is nodig om 'n teoretiese begroning te verskaf vir die dimensies van invloed wat Rusland gebruik om die guns van Afrikalande te wen.

2. Instrumente van buitelandse beleid

2.1 Definiëring van politieke, ekonomiese en militêre diplomاسie

State se rolle in die internasionale politiek word gekenmerk deur die instrumente wat hulle gebruik om invloed uit te oefen. *Buitelandse beleid* en *diplomاسie* word dikwels in dieselfde asem genoem, maar is daar 'n duidelike verskil. Die buitelandse beleid van 'n staat omvat die oorkoepelende doelwitte van 'n staat en die planne en aksies om die doelwitte te bereik. Dit geskied deur middel van interaksies met ander state. Die hoofinstrument vir die implementering van buitelandse beleid is diplomاسie, maar daar is ook ander instrumente, byvoorbeeld buitelandse hulpverlening en militêre ingryping of mag. Omrede die dimensies van invloed onder die kategorie van diplomاسie val, word eerstens 'n algemene definisie van diplomاسie aangebied. Die tweede deel van die afdeling verskaf 'n teoretiese begroning van politieke, ekonomiese en militêre diplomاسie wat help om konteks te verskaf vir die latere bespreking. Die drie vorme van diplomاسie word kortliks gedefinieer en daar word nie verwys na die proses van diplomاسie nie. Dit sluit in die formulering van beleid in die departement van buitelandse sake, die rolle en funksies van diplomate, die onderhandelingsproses en mediasie. Die derde deel van die afdeling werp lig op die Russiese vertolking van diplomاسie en die nastreef van die doelwitte wat in die opsomming genoem is.

Berridge (2000) definieer diplomاسie as die kuns, wetenskap en middel waardeur nasies, groepe en individue hulle belange beskerm en terselfdertyd politieke, ekonomiese, kulturele en wetenskaplike belange bevorder. Dit word gedoen om vreedsame verhoudinge te handhaaf. Die begrip *politiek* hou verband met gebeure wat verwys na politieke partye, terwyl *diplomاسie* verwys na die maniere waarop die doelwitte van regerings en politieke partye bereik kan word. Die doelwit van diplomاسie op politieke vlak is om die staat se verhoudinge met ander state, nasies en organisasies te versterk om sodoende die belange van die staat te bevorder (Berridge 2000). Die politieke doelwit van diplomاسie is om die belange van 'n staat soos wat dit in buitelandse beleid vervat word, te beskerm. Dié belange word bevorder deur middel van oorreding, beloftes van vergoeding, die bevordering van vriendskaplike betrekkinge en same-werking (Kennan 1985).

Ekonomiese diplomasië is 'n vorm van diplomasië wat die volle arsenaal van 'n staat se ekonomiese instrumente gebruik om nasionale doelwitte te bereik. Die reikwydte van ekonomiese diplomasië kan al die internasionale ekonomiese aktiwiteite van 'n staat insluit, byvoorbeeld besluitneming ten opsigte van in- en uitvoere, beleggings, lenings, hulpverlening en vryhandelsooreenkomste. Ekonomiese diplomasië maak gebruik van ekonomiese hulpbronne in die vorm van belonings of sanksies om spesifieke buitelandsebeleidsdoelwitte na te streef. Dit word ook *ekonomiese staatkunde* genoem (Berridge 2000).

Militêre diplomasië het ten doel om die sekuriteits- en verdedigingsbeleid van die staat uit te voer. Die beleid word geformuleer deur die departement van verdediging en ander staatsdepartemente. Militêre diplomasië vervul verskeie funksies, wat die volgende insluit: die insameling, ontleding en vertolking van inligting van die ontvangerstaat, die bevordering van samewerking, kommunikasie en vriendskaplike verhoudinge tussen die weermagte van die versendende en ontvangerstate, en die organisasie van amptelike besoeke tussen lede van die versendende en ontvangerstaat (Katz 2020).

2.2 Die Russiese benadering tot diplomasië

Een van Rusland se belangrikste instrumente om strategiese invloed in streke van die wêreld uit te oefen is diplomasië. Diplomasië is veral betekenisvol in die bemiddeling van internasionale konflikte wat op sy beurt die nastrewing van strategiese doelwitte verhoog (Lewis 2021:109–17).

Diplomasië is eerstens belangrik om Rusland se internasionale status te verhoog, veral op die gebied van veiligheid. Oor die afgelope aantal jare het Rusland as bemiddelaar by verskeie internasionale konflikte opgetree, byvoorbeeld die Abkhaz-Georgië-konflik, die Siriëse konflik en in Afrika die konflik in die SAR. Rusland se bemiddeling van internasionale konflikte word deur ander lande beskou as 'n stap na vrede. In 2017 het die president van die SAR Rusland genooi om opleiding aan die land se weermag te verskaf en ook wapens te skenk. Dit was om rebelgroepe in die noorde van die land te beveg. Die skenkings van wapens het aan Rusland 'n invloedssfeer in die streek gegee, en met die hulp van Soedan het Rusland as bemiddelaar tussen die strydende groepe opgetree (Fasanotti 2022). Die gesamentlike pogings van die Afrika Unie (AU) se Inisiatief vir Vrede en Versoening in die SAR en die Russies-Soedannese inisiatief het mekaar aangevul en as 'n resultaat is 'n vredesooreenkoms in 2019 gesluit. Rusland het waarnemingstatus in die AU ontvang as gevolg van sy positiewe rol om die konflik te help beredder (Ali 2019).

Rusland se diplomasië word geformuleer om direkte voordeel vir die land se buitelandsebeleidsdoelwitte in te hou. In Afrika is dit 'n laekoste- en doeltreffende meganisme om die land se geopolitiese invloed uit te bou, byvoorbeeld in Libië, Mali en die SAR. In al drie die lande is strategiese vennootskappe met die regerings of militêre juntas gesluit om soldate in konflikgebiede te ontplooi en die land se militêre teenwoordigheid te verhoog. Verder help diplomasië om ander streeksmoondhede, byvoorbeeld Nigerië en Suid-Afrika, te nader vir die sluit van ekonomiesesamewerkingsooreenkomste en die voorsiening van veiligheidsdienste. Wapenverkope is natuurlik 'n ander gebied wat aangehelp word deur diplomatieke onderhandelinge (Katz 2020).

Laastens is diplomasië van belang om die Weste se invloed in streke van die wêreld te verminder. Rusland het tans beduidende invloed in die noordelike en sentrale dele van Afrika.

Dit laat die Weste met geen keuse as om met Rusland saam te werk vir die skep van stabiliteit en vrede in Afrika (Lewis 2021:109–17).

3. Historiese agtergrond

Lanfranchi en De Bruijne (2022:6–7) skryf dat Rusland se betrokkenheid in Afrika die laaste dekade toegeneem het, maar glad nie 'n nuwe verskynsel is nie. Die betrokkenheid is inderdaad gewortel in die nalatenskap van die voormalige Sowjetunie se bande met Afrika in die laaste helfte van die 20ste eeu. In die dekades na die Tweede Wêreldoorlog het die Sowjetunie aansienlike ondersteuning aan bevrydingsbewegings in Afrika verskaf. Na onafhanklikwording is ideologie gebruik as 'n middel om konflik met die globale Weste uit te lok, veral voormalige koloniale moondhede soos die Verenigde Koninkryk (VK) en Frankryk.

Die Sowjetunie se steun aan Afrikalande regdeur die tydperk het op verskeie maniere gemanifesteer. Dit het gewissel van ekonomiese hulpverlening (tegniese en ontwikkelingshulp), veiligheidsamewerking (die verkoop van wapens en militêre opleiding), asook die aanbied van beurse aan studente uit Afrika. 'n Belangrike middel om betrekkinge tussen politieke elites en Moskou te smee was die opleiding van kaders. Dié opleiding kenmerk nog tot vandag toe verhoudinge tussen Afrika-elites en Moskou.

Die Sowjetunie se disintegrasie in 1991 het gelei tot 'n merkbare afname in Rusland se betrokkenheid in Afrika. Politieke onrus tuis en 'n tekort aan finansiële hulpbronne het wetgewers in die nuwe Russiese Federasie genoodsaak om buitelandse beleid te verander. Daar is nou op verhoudinge met buurlande gefokus. In die vroeë 2000's, nadat die politieke situasie tuis in 'n mate gestabiliseer en die oliepryse effens gestyg het, is besluit om op 'n klein skaal weer in Afrika betrokke te raak (Daniel en Shubin 2018).

Dié hertoetrede het vinnig toegeneem in die nasleep van die Rusland-Georgië-oorlog van 2008 en die anneksasie van die Krim-skiereiland in 2014. Rusland se nuwe toenadering tot Afrika was in wese 'n direkte gevolg van die Weste se fel kritiek op Rusland se inval in Georgië en die Krim. Soos wat die Weste sanksies teen Rusland ingestel het, en spesifiek teen oligarge, so het Rusland begin om na nuwe markte te soek. Die begeerte was ook daar om nuwe diplomatieke vennootskappe te sluit (Lanfranchi en De Bruijne 2022:8).

4. Dimensies van Rusland se betrokkenheid in Afrika

Rusland se betrokkenheid in Afrika word deur 'n kombinasie van verskillende faktore aangedryf. Dit sluit in geopolitieke oorwegings, ekonomiese belange en plaaslike politieke oorwegings. Volgens Abramova (2017) word Rusland se belangstelling in Afrika aangedryf deur geopolitieke wedywering met die Weste en die skep van 'n multipolêre wêreld. In die periode na die verbrokkeling van die Sowjetunie het Rusland daarna gestreef om eertydse internasionale aansien te herstel. Afrika is beskou as 'n gebied waar verlore vriendskappe weer opgebou kon word. Die besluit is geneem om opportunistiese strategieë te volg en minder te fokus op verbintenisse wat tydens die Koue Oorlog gemaak is. Die strategieë fokus op die skep van invloedssfeer wat korttermynresultate lewer en teen 'n lae koste aangepak kan word. Voorbeelde

van dié nuwe Russiese dinamika word gesien in Ethiopië, die SAR en Mali. Hier het Moskou die ontevredenheid van politieke elites teenoor hulle Westerse vennote uitgebuit om nuwe vriendskappe te sluit.

Soos reeds uitgewys, is daar drie dimensies wat verhoudinge tussen Rusland en Afrikalande bepaal, naamlik politiek, ekonomie en militêre samewerking. Die historiese band tussen Rusland en Afrika word aangebied in die konteks van die politieke dimensie. Weens die feit dat Rusland een van die grootste uitvoerders van wapens in die wêreld is, word aansienlike aandag aan die militêre dimensie verleen. In dié afdeling word ook na die rol van die Russiese PMM Wagner gekyk. Die fokus is veral op die groep se bedrywighede in die SAR en Mali. Die SAR is die eerste land in Afrika waar Rusland sedert die einde van die Koue Oorlog 'n aktiewe militêre teenwoordigheid handhaaf. In Mali het Wagner daarin geslaag om die oorgangsregering van kolonel Assimi Goïta se guns te wen om Moslem-insurgente te beveg. Dit is grootliks gedoen deur middel van disinformasieveldtogte wat teen die teenwoordigheid van Franse soldate geloods is. Lede van die Franse Vreemde Legioen is in 2013 in Mali ontplooi om Toeareg-rebellegroepe wat vir onafhanklikheid in die noorde van die land geveg het, te beveg. Die laaste Franse troepe het Mali in Augustus 2022 verlaat nadat hulle min sukses behaal het om rebellegroepe te verslaan.

4.1 Die politieke dimensie

Die feit dat Rusland nooit enige gebied in Afrika gekoloniseer het nie en ondersteuning vir bevrydingsbewegings verskaf het, verleen aan Rusland 'n mate van geloofwaardigheid as 'n vennoot. As voorbeeld word genoem dat Rusland in 1869 militêre hulp aan Ethiopië verleen het om Britse beheer van die Suez-kanaal te beperk. Brittanje was op daardie stadium een van Rusland se grootste Europese mededingers (Besenyö 2019). Rusland het Ethiopië ook gedurende die eerste Italiaanse-Ethiopiese oorlog van 1895–96 gehelp om Italiaanse aggressie hok te slaan. Italië het gepoog om Ethiopië 'n protektoraat van Italië te maak. Dit het egter misluk omrede Frankryk en Rusland wapens en ammunisie aan Ethiopië verskaf het en sodoende die kleiner Italiaanse weermag verslaan het. Die Italiaanse troepe het toe na Eritrea onttrek. Daar kan dus gesien word dat Rusland reeds vroeg 'n grondslag vir Sowjet- en later post-Sowjet verhoudinge met Afrika gelê het (Besenyö 2019).

Jacobsen en Larsen (2023:260–2) beweer dat Rusland se hulpverlening aan Ethiopië nie net 'n middel was om invloed en beheer oor 'n Afrikaland uit te oefen nie, maar ook 'n geleentheid om die binneland van Afrika binne te dring. Verder kon invloed oor Egipte, die hele Nylvallei en die Rooi See uitgeoefen word. Laastens was dit 'n gulde geleentheid om 'n wakende ogie oor die aktiwiteite van Brittanje in Afrika te hou.

Alhoewel die beskouing bestaan dat Rusland die dorp Sagallo, wat nou as Djiboeti bekend staan, beset het met die doel om die bevolking aan Russiese beheer te onderwerp, is dit van alle waarheid ontbloot. Egerov (2020) toon in sy ondersoek aan dat Kosakke onder leiding van Ataman Nikolai die gebied vir slegs drie weke, van 14 Januarie 1889 tot 5 Februarie 1889, beset het. Nikolai was 'n renegaat en het met sy groep van 165 Kosakke in hedendaagse Djiboeti geland. Die gebied is later deur Frankryk oorgeneem en het as Frans-Somaliland bekend gestaan.

Die gevolg was dat Rusland Ethiopië as die geskikste gebied gesien het om die Afrika-kontinent binne te dring (Jacobsen en Larsen 2023:262). Na die 1917-revolusie het die internasionale arm van die Kommunistiese Party die Kremlin se hoofmedium geword om met Afrikalande te

skakel. Die internasionale arm van die Kommunistiese Party se doelwit was om antikoloniale bewegings in Afrika te ondersteun. Die ondersteuning het uitgebrei tot militêre hulpverlening vir bevrydingsbewegings en ideologiese mededinging met Amerika vir invloed in Afrika.

Volgens Pahm (2014) was bystand van die voormalige Sowjetunie van groot waarde vir die African National Congress (ANC) om militêre-opleidingskampe te vestig. Ook van groot belang was dat die ANC 'n groot hoeveelheid wapens, insluitende duisende AK-47-aanvalsgewere en Strela-lugafweermisielanseerders van die Sowjetunie ontvang het. Duisende studiebeurse is in dié tydperk aan studente wat deur die ANC gekeur is, en lede van ander bevrydingsbewegings aangebied om in Moskou te studeer. In Angola het die Sowjetunie militêre hulp en opleiding aan die People's Movement for the Liberation of Angola (MPLA) in die stryd vir onafhanklikheid van Portugal verskaf. Angola het in 1975 onafhanklikheid verkry. Die MPLA is ook van militêre hulp en opleiding voorsien om teen Jonas Savimbi se National Union for the Total Independence of Angola (Unita) te veg. Unita was 'n nasionalistiese groep wat gekant was teen die kommunistiese ideologie van die Sowjetunie en is deur Amerika van wapens en hulp voorsien (Shubin en Tokarev 2001:607–18).

Rusland trek voordeel uit bande wat tydens die stryd vir onafhanklikheid met Afrikalande gesluit is. Meer as 5 000 Afrikane het aan universiteite en militêre en tegniese instellings in die voormalige Sowjetunie studeer tot die ontbinding van die unie. 'n Verdere 200 000 Afrikane het militêre opleiding op tuisbodem ontvang (Pahm 2014). Na die opbreek van die Sowjetunie is die Afrika-kontinent deur die “nuwe Rusland” verwaarloos. Verhoudinge met Afrikalande is afgeskaal as gevolg van die Weste se beloftes van hulp waarby Rusland nie kon kers vashou nie.

Volgens Marten (2019) is altesaam nege ambassades, drie konsulate en 'n verskeidenheid handelsmissies in die nadraai van die Sowjetunie se ontbinding gesluit. Akademiese uitruilprogramme is ook opgeskort (Marten 2019). Nadat Wladimir Poetin vir Boris Jeltsin as Russiese president opgevolg het, was daar hernude Russiese belangstelling in Afrika. Die eerste besoek van 'n moderne Russiese staatshoof het in 2005 plaasgevind toe Poetin Egipte besoek het. Tydens Poetin se besoek aan Suid-Afrika in 2006 is 'n strategiese vennootskap met president Thabo Mbeki gesluit. Die besoek het ook ten doel gehad om sterker bilaterale en vriendskaplike verhoudinge te bevorder. In Junie 2009 het Poetin se opvolger, Dmitri Medvedev, Egipte, Angola, Namibië en Nigerië besoek (Daniel en Shubin 2018:55).

'n Hele aantal Afrikalainers het Moskou ook besoek. In 2001 het presidente Abdelaziz Bouteflika van Algerië, Omar Bongo Ondimba van Gaboen, Lansana Conté van Guinee, Hosni Mubarak van Egipte, Olusegun Obasanjo van Nigerië en die eerste minister van Ethiopië, Meles Zenawi, Moskou besoek (Pahm 2014). In 2016 het die staatshoofde van Marokko, koning Mohammed die VI, en Alpha Condé van Guinee, Rusland besoek. Dit was Condé wat met die voorstel gekom het om 'n Rusland-Afrika-forum soortgelyk aan die Forum vir China-Afrika-samewerking (FOCAC) op die been te bring. Die idee is heelhartig aanvaar en in 2019 is die eerste Rusland-Afrika-forum in die vakansiestad Sotsji langs die Swart See gehou (Simoncelli 2019).

Rusland streef daarna om 'n samevattende beleid vir Afrika op te stel. Twee departemente in Rusland se ministerie van buitelandse sake handel direk met Afrika: die departement belas met Sub-Sahara Afrika en die departement belas met die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Al die amptenare in die twee departemente het genoegsame kennis en ondervinding in sake van die Globale Suide. Die Russiese minister van buitelandse sake, Sergei Lawrof, oefen direkte beheer

oor die twee departemente uit, terwyl direkteure en bestuurders die nodige lyn-en-bestuursposte behartig (Marten 2019).

Daar is ook twee ander departemente wat na Rusland se oorsese belange omsien. Dit is die ministerie van ekonomiese ontwikkeling en die ministerie van handel en nywerheid. Die ministerie van ekonomiese ontwikkeling bestaan uit die Asië- en Afrikaseksies en is spesifiek getaak om toesig oor Rusland se oorsese handelsmissies te hou. Die ministerie van handel en nywerheid het sy eie seksie wat na ekonomiese en handelsake tussen Rusland, die Midde-Ooste en Noord-Afrika omsien. Na afloop van die Sotsji-beraad in 2019 is besluit om meer fondse vir navorsing rakende besigheidseleenthede in Afrika beskikbaar te stel. As voorbeeld word genoem dat die Russiese Instituut vir Afrikastudies wat onder die Russiese Akademie vir Sosiale Wetenskappe dien, tans uit 13 navorsingseenhede, 'n veldstudiegroep en 'n inligtingskantoor bestaan. Die eenhede het meer as 100 voltydse personeel in diens (moscow.arttube.ru. 2023).

Rusland ondersteun Afrikalande in hulle strewe om oplossings vir politieke, ekonomiese en veiligheidsuitdagings te vind. Dit help Afrikalande om hulle eie toekoms te bepaal en deel van die globale argitektuur te word. Sosiale en ekonomiese vooruitgang is 'n voorvereiste vir vrede en stabiliteit. As voorbeeld word genoem dat die AU Rusland waarnemingstatus in die unie se werksaamhede gee. Die Memorandum van Verstandhouding (MvV) wat in 2014 tussen die AU en Rusland gesluit is, is 'n verdere aanduiding van die gesonde verhouding tussen die twee partye. Die MvV is gesluit om die prosedures van politieke konsultasies tussen beide partye te fasiliteer (Abramova 2017:11–2).

Die diversifikasie van formele verhoudinge met kontinentale en streeksorganisasies is hoog op die agenda van die Russiese regering. Die belangrikste van die organisasies is die AU. Die spesiale verteenwoordiger van Rusland vir die Midde-Ooste en Afrika woon byvoorbeeld gereeld vergaderings van die AU by (Daniel en Shubin 2018:56–7).

Een van die hoofplatforms om multilateralisme te bevorder, is die BRICS-groepering (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika). Rusland beskou Suid-Afrika se lidmaatskap in die groepering as 'n kernfaktor om samewerking tussen Afrikalande op die kontinent te bevorder. In 2013 het die twee lande 'n strategiese vennootskap gesluit (Arkhangelskaya en Shubin 2013). In 2018 het Rusland 'n MvV met die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) gesluit wat poog om handel tussen Rusland en lande in die streek te bevorder en tegnologie uit te ruil (sadc.int. 2018).

4.2 Die ekonomiese dimensie

Rusland gebruik verskeie ekonomiese sektore om invloed in Afrika uit te oefen (Siegle 2021a). Dit sluit in kommoditeite soos landbou en energie en tegnologie soos vervoer en digitalisering. Daar is ook heelwat ooreenkomste tussen Rusland en Afrikalande se ekonomiese beleidsrigtings en strategieë vir ontwikkeling, volgens Abramova (2017). Een van die belangrikste ooreenkomste is dat natuurlike hulpbronne 'n primêre bron van inkomste is. Rusland voer minerale soos diamante, goud, kobalt en koltan van Afrika in, maar is nie afhanklik van Afrika se koolwaterstowwe (olie en gas) nie. Dit is in teenstelling met China en Indië, wat Afrika se natuurlike hulpbronne as 'n strategiese noodsaaklikheid beskou (Pahm 2014).

Siegle (2021a) voer aan dat Russiese mynmaatskappye die laaste aantal jare baie geld en energie spandeer om aluminium, chroom, mangaan, kwik, titanium, koper, nikkel, sink, bauxiet en diamante in Afrika te myn. Rusland myn baie van die minerale self en beskik oor genoegsame reserwes, maar besluit om dit liewers te stoor. Die uitgangspunt is dat die ontginningsproses in Afrika goedkoper is en nie soveel regulasies behels nie. Daarom word mynbouaktiwiteite na die Afrika-kontinent verskuif.

Volgens Jamasmie (2020) is daar tans 20 Russiese mynmaatskappye wat in Afrika sake doen. As voorbeeld word genoem dat Rusland betrokke is in 'n enorme projek om Zimbabwe se grootste platinummyn by Darwendale te ontwikkel. Die myn sal ongeveer 15 000 werksgeleenthede skep. Die inisiatief lê egter nie slegs by die verkryging van minerale nie, en daar is groot belangstelling in ander ingenieursprojekte, byvoorbeeld die bou van kragentrales en infrastruktuur. Dit sal egter op 'n baie kleiner skaal geskied as wat China tans met die Gordel-en-pad-inisiatief (GPI) doen. Rusland poog ook om gevorderde tegnologie aan Afrika te bemark. Die Angolan National System of Satellite Communications and Broadcasting (Angosat) gebruik Russiese tegnologie om sy eie satelliete te bou. Werk aan Angosat het in 2013 begin en is deurlopend aan die verbeter. Angola se uitsaaibedryf (radio en TV) word aansienlik versterk met die nuwe tegnologie (Daniel en Shubin 2018:57–9).

Besenyó (2019) stel dit dat Rusland wel in Afrika se koolwaterstowwe belangstel. Dit is eerstens om komplementêre verhoudinge met vennote in Afrika te versterk en tweedens om nuwe kettings van energievoorsiening in werking te stel. Russiese maatskappye het in die laaste vyf jaar groot beleggings in Algerië se olie- en gasbedrywe gemaak. Daar is ook in Egipte, Ghana, Ivoorkus, Libië en Nigerië belê. Verskeie Russiese maatskappye werk saam met Gazprom, die Russiese staatsbeheerde energiefirma, om gas en olie in Algerië se Berkine-olieveld te soek. Stroytransgaz het 'n 400 kilometer lange gaspyplyn van Haud el-Hamra tot by Arzev voltooi en werk aan 'n 273 kilometer lange pyplyn van Hadrjet en Nouss tot by Sougueur (Reed 2022). Rosneft soek na olie en gas in die suide van Algerië, 'n deel van die land wat grootliks onontgin is, terwyl Soyuzneftegaz nuwe tegnologie aan Liberië se energiematskappye verkoop (Reed 2022).

Ecofin (2022) toon aan dat Rusland teen die einde van 2020 goedere ter waarde van VSA\$12,4 miljard na Afrika uitgevoer het. Afrika het goedere ter waarde van slegs VSA\$1,6 miljard na Rusland uitgevoer. Dit beteken 'n handelstekort van VSA\$10,8 miljard. Waarnemers wys daarop dat dit oneweredig in terme van die handelsbalans tussen Rusland en Afrika is. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Rusland slegs 2,4% marktaandeel in Afrika besit, teenoor China se 19,6% en Amerika se skamele 5%. Indien na handelstatistieke gekyk word, is Rusland se uitvoere na Afrika sewe keer hoër as Afrika se uitvoere na Rusland. Afrika se uitvoere na Rusland verteenwoordig slegs 0,4% van die kontinent se totale uitvoere. Meer as 70% van Rusland se handel met Afrika is in slegs vier lande gekonsentreer, naamlik Algerië, Egipte, Marokko en Suid-Afrika.

Volgens Ramani (2023) voer Afrika 30% van sy graangewasse van Rusland in. Invoere van koring staan op 95%, met 'n jaarlikse volume van 11,9 megaton (Mt) en VSA\$3,3 miljard se waarde. Meer as 80% van die koringuitvoere gaan na Noord-Afrika (Algerië, Egipte, Libië, Marokko en Tunisië) en ander lande in Afrika (Ethiopië, Nigerië, Soedan en Suid-Afrika). Teen die einde van 2021 het Afrika 63% van al sy koring ingevoer. Die persentasie is bestem om te groei soos wat Afrika se bevolking groei.

Die bou van infrastruktuur in die vorm van kernkragsentrales is 'n ander gebied van Rusland se ekonomiese aktiwiteite. Rosatom, die staatsbeheerde energievoorsieningskorporasie, het in 2020 begin met die konstruksie van Egipte se eerste kernkragsentrale, 'n 4 800 megawatt-(MW-) fasiliteit in El-Dabaa. Die totale koste van die sentrale beloop VSA\$60 miljard. Rosatom het verder kontrakte met 17 ander Afrikaregerings gesluit om kernkragsentrales te bou. Dit sluit in Ethiopië, Nigerië, Rwanda en Zambië (An en Mikhaylov 2020:58–64).

Die gebied wat Rusland tans uitsonder as van groot geo-ekonomiese belang, is Noord-Afrika en lande in die Sahel. Ander lande in Afrika waar Rusland ekonomies aktief is, sluit in die DRK, Ethiopië, Nigerië, Senegal, Suid-Afrika en Uganda. Ethiopië het Rusland versoek om infrastruktuur in die Amara-streek te herstel nadat bloedige gevegte tussen regeringstroepen en Tigray-rebelle hospitale en woongebiede vernietig het (Volodzko 2023).

Rusland se besluit in 2018 om Afrikalande se skuld van VSA\$20 miljard af te skryf, word beskou as 'n stap om die verlede te vergeet en nuwe samewerkingsgeleenthede te identifiseer. Verskeie ooreenkomste is met Afrikalande gesluit wat bestaande skuld gebruik om landbou-ontwikkelingsprojekte te befonds. In Egipte is geld voorgeskiet vir die ontwikkeling van die sitrusbedryf en in Ethiopië word in die koffiebedryf belê (Jamasmie 2020).

Volgens Jamasmie (2020) het Rusland teen die einde van 2018 ongeveer VSA\$25 miljard in Afrika belê. Dit wissel van projekte in energievoorsiening, mynbou, die bou van infrastruktuur en visserye.

Daar is ook belangstelling in samewerking met streeksorganisasies. In 2019 het verteenwoordigers van die Russiese regering en die Ekonomiese Gemeenskap van Oos- en Suidelike Afrika (Comesa) in Lusaka, Zambië vergader. Vergaderings is ook gehou met die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika-state (Ecowas) en die Ekonomiese Gemeenskap van Sentraal-Afrika-state (Eccas). Die doelwit van samewerking met streeksorganisasies is om handel te bevorder en sekuriteitsraamwerke te vestig (Jamasmie 2020).

Die ontwikkeling van klein- en mediumsakeondernemings is 'n ander deel van Rusland se ekonomiese diplomatie. Sulke ondernemings help om Russiese produkte en goedere na kleiner markte te versprei en ook produkte van Afrika aan Russiese besigheidslui bekend te stel. Hier word gekyk na die rol van bemerking en uitstallings. Rusland kan egter nie met China en Indië op hierdie gebied meeding nie. Eerstens is daar 'n skaarste aan finansies om in markte te belê en afsetgebiede te skep. Daarom moet finansiële hulpbronne meer oordeelkundig aangewend word. Rusland kan byvoorbeeld slegs in kleiner projekte belê. Tweedens is daar meer burgers van China en Indië as van Rusland wat in Afrika woon en besigheidsgleenthede met hulle eie mense skep.

Rusland se besigheidsbelange in Afrika word behartig deur die Koördineringskomitee vir Ekonomiese Samewerking met Afrikalande (Afrocom). Die lede van Afrocom is Russiese maatskappye wat geïnteresseerd is om besigheid met Afrikalande te doen en buitelandse maatskappye wat graag die Russiese mark wil betree. Die organisasie bring ministeries, ander staatsdepartemente en private maatskappye bymekaar (afrocom.info. 2023).

Ten einde meer geleenthede en markte vir maatskappye en markte te skep, is die Russiese uitvoersentrum (Russian Export Centre) in 2015 gestig. Die sentrum word befonds deur die

staatsbeheerde Vnesheconom-bank en is 'n portaal vir beide finansiële en uitvoergeleenthede in Afrika.

4.3 Die militêre dimensie

Khanyile (2022) skryf dat militêre samewerking die hoofarea van Rusland se betrokkenheid in Afrika is. Die samewerking sluit die verkoop van wapens en die lewering van veiligheidsdienste in. Rusland beklee 'n prominente posisie met betrekking tot die vervaardiging en uitvoere van wapens in die wêreld. Die land was tradisioneel 'n groot verskaffer van wapens aan Afrika en wapenverkope het van 2012 tot 2021 met 28% toegeneem. Tussen 2015 en 2018 is meer as 20 militêresamewerkingsooreenkomste met regerings van Afrika gesluit. Alhoewel dit nie duidelik is wat die aard en omvang van die ooreenkomste is nie, is groot wapenkontrakte in 2021 met Ethiopië en Nigerië gesluit. Die twee lande voer 'n groot aantal wapens en ammunisie van buitelandse verskaffers in.

Gedurende die Koue Oorlog is wapens aan bevrydingsbewegings in Angola, Guinee, Mosambiek, Zimbabwe en Zambië verskaf. In 2001 is 'n kontrak van VSA\$120 miljard met die regering van Soedan gesluit vir die verskaffing van MiG-29SE-vegvliegtuie. In 2011 is nog 'n groot kontrak met die regering van Soedan gesluit om Mi-24-aanvalshelikopters en Mi-8-vervoerhelikopters te verskaf (Khanyile 2022).

Volgens Signé (2020) word die Russiese wapenmodel eerstens gekenmerk deur die verkoop van wapens en dan die sluiting van besigheidskontrakte. Besigheidskontrakte word gesluit nadat toegang tot strategiese ekonomiese sektore verkry is, byvoorbeeld energie en mynbou. In Angola, Mosambiek en ander Afrikalande word militêre hulp verleen om toegang tot dié ekonomiese sektore te verkry.

Die aantal wapens wat deur Rusland verskaf word, is aan die toeneem. Volgens 'n verslag van die Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI) het Rusland se wapenverkope aan Afrika van 2012 tot 2017 verdubbel. Amerika en China is groot verskaffers van wapens aan Afrika, maar nie op dieselfde vlak as dié van Rusland nie. Vir die periode 2017 tot 2021 het Rusland 44% van Afrika se buitelandse wapens voorsien, gevolg deur Amerika se 17%, China se 10% en Frankryk se 6% (Khanyile 2022).

Die meeste van die wapens is tweedehandse toerusting soos aanvals- en vervoerhelikopters, verouderde MiG-vliegtuie en lugafweerstelsels. Van die toerusting dateer van na die Sowjet-tydperk (Signé 2020). Die instandhouding van die ouer wapens moet deur tegniese spesialiste van Rusland gedoen word wat groot onkoste vir die ontvangerland inhou (Marten 2020).

In 2018 het Rusland 'n ooreenkoms met Eritrea gesluit om 'n vlootbasis in Assab te bou, slegs 'n paar honderd kilometer van die Amerikaanse basis in Djiboeti af. Tydens Somaliese seeroweraanvalle teen buitelandse skepe in die Golf van Aden het Russiese vlootvaartuie gehelp om die skepe na veiligheid te lei. Verskeie pogings van seerowers om vraghouerskepe en ander vaartuie te bestyg, is gestop (Stronski 2019).

Elbassoussy (2022:255–6) skryf dat Rusland se deelname aan vredesendings 'n ander area van militêre hulpverlening is. Die opleiding van AU-vredesendingstroepe is 'n prioriteit om vrede en stabiliteit op die kontinent te weeg te bring. Die opleiding word in samewerking met ander lande aangebied. Die fokus is om konflikte in die SAR, Mali, Suid-Soedan en Mosambiek op

te los. Daar is reeds groot bedrae geld aan die AU se vredesfonds geskenk om troepe op te lei en toerusting aan te skaf.

Hayrapetyan en Kučera (2021:36–8) stel dit dat Rusland se militêre betrokkenheid in die SAR 'n ander dimensie van die land se samewerking in Afrika verteenwoordig. In 2013 het 'n magstryd tussen leiers in die SAR uitgebreek wat sy oorsprong in godsdienstige verskille het. Seleka-Moslem-rebelle het beheer in die oorwegend Christelike land oorgeneem. Christen-militante het egter begin terugveg en in 2014 is druk op Seleka-rebelle geplaas om 'n oorgangsregering te vorm. Seleka-rebelle het die versoek verwerp en onder mekaar asook teen Christen-militante begin baklei. Frankryk se konflikoplossingsplan was in gebreke om vrede tussen die regeringstroepe en rebelle te bewerkstellig. Die regering van president Faustin-Archange Touadéra het toe 'n versoek aan Rusland gerig om veiligheidsdienste aan die land te lewer.

In die top 10 bydraers tot die VN se Multidimensionele Geïntegreerde Stabiliseringsmissie in die SAR (Minusca) is daar geen Europese land nie. 'n Klein Franse kontingent was wel in die vroeë stadiums van die sending teenwoordig, maar was nie met die handhawing van vrede gemoeid nie. In 2018 het die oorgangsregering van die SAR besluit om Rusland die enigste wapenverskaffer aan die land te maak. Dit is nadat Frankryk nie sy beloftes van wapenvoorsiening aan die SAR kon nakom nie. Verdere onderhandelinge het gevolg en Rusland het strategiese toegang tot die land se ryk mineralehulpbronne bekom (Signé 2020).

Die Russiese strategie in die SAR kan vergelyk word met die Sowjet-strategie in Afghanistan. Die doelwit is om die regering in die hoofstad van Bangui en ander groot stede te beveilig, terwyl die landelike gebiede aan die rebelle oorgelaat word. Op hierdie manier verseker Rusland die stabiliteit van die regering en word bilaterale samewerking deur middel van die militêre teenwoordigheid versterk (Hayrapetyan en Kučera 2021).

Amerika handhaaf die grootste militêre teenwoordigheid (15 militêre buiteposte en 12 tydelike basisse), gevolg deur Frankryk met ses permanente basisse en 'n aantal kleiner buiteposte. China het in 2017 ook 'n militêre basis in Djiboeti opgerig. In teenstelling met hierdie lande het Rusland geen militêre basis in Afrika nie. Vorige pogings om 'n basis in Djiboeti op te rig is deur Amerika teengestaan. Onderhandelinge is egter met die regering van Soedan aan die gang om 'n vlootbasis teenaan die Rooi See te bou (africannews.com. 2022).

4.3.1 Die rol van PMM'e

Harding (2020) skryf dat verskeie PMM'e die laaste aantal jare tot Afrika toetree het. Dit sluit in groepe van Amerika, Engeland, Frankryk en Rusland. Die Wagner-groep van Rusland staan uit as die aktiefste. Die groep is in Libië, Madagaskar, Mali, Mosambiek, die SAR en Soedan teenwoordig. Afgesien van Wagner is daar ook ander Russiese PMM'e wat in Afrika betrokke is, naamlik, die Patriot-groep en Sewa-sekuriteitsdienste.

Die groepe verrig 'n verskeidenheid van take. Dit sluit in die opleiding van sekuriteitspersoneel, die beveiliging van senior regeringsamptenare (die president en elite), die beveiliging van energie-infrastruktuur, myne en staatsdepartemente. Die realiteit is dat operateurs van Russiese PMM'e ook sensitiewe inligting versamel en in direkte aanvalsoperasies optree. Wanneer verskeie groepe in een land ontplooi is, byvoorbeeld in die SAR, word die take tussen die groepe verdeel. In die SAR tree Wagner in samehang met regeringstroepe op om aanvalle teen

Moslem-insurgente te loods, terwyl Patriot en Sewa regeringsamptenare fasiliteite beveilig (Siegle 2021b).

Die teenwoordigheid van PMM'e het dikwels ook ten doel om die ekonomiese belange van private maatskappye wat vennote van die Russiese oligarg Jefgeni Prigozjin is, te bevorder. Dit word algemeen aanvaar dat Prigozjin die hoofinansierder van Wagner is. In die SAR en Soedan byvoorbeeld word die eienaarskap van plaaslike mynmaatskappye (Meroe Gold en Lobaye Invest) teruggespoor na maatskappye wat deel van Prigozjin se sakeryk is. Die maatskappye ter sprake is M-Invest en M-Finance wat deel van Prigozjin se Concord Groep is (Ramani 2023).

Rekords van doeanekantore wys dat Meroe Gold en Lobaye Invest oor die jare militêre toerusting van Rusland ontvang het. Pantservoertuie, vervoerhelikopters en troepedraers is byvoorbeeld in opleidingskampe in die SAR en in Khartoem opgemerk. Rusland streef daarna om wapentuig en militêre opleiding aan Afrikalande te verskaf en op dié manier toegang tot natuurlike hulpbronne te verkry. Lande met swak regerings en wat oor ryk afsettings van olie, goud, diamante, uraan en mangaan beskik, word geteiken. Dit sluit in die DRK, Mali, die SAR en Soedan. As 'n vorm van betaling word konsessies vir die ontginning van minerale en edelgesteentes aan Russiese mynboumaatskappye aangebied (Fasanotti 2022).

Die lande het die toerusting ingevoer om sogenaamde humanitêre hulp in oorloggeteisterde gebiede te verskaf. Dié voorbeelde wys dat Russiese PMM'e nie slegs veiligheidsdienste verskaf nie, maar deel van 'n netwerk is wat die belange van invloedryke besigheidslui bevorder. Terwyl Wagner-soldate in Sirië en in die oorlog in Oekraïne as ondersteuningsmag vir die Russiese weermag optree, is dit nie die geval in Afrika nie. Die situasie in Afrika wys dat Wagner optree om die private belange van individue te bevorder. Daar is egter toenemend oproepe van wetgewers in die Russiese laerhuis (die Duma) vir groter toesig en kontrole van PMM'e en politieke entrepreneurs bedrywig in Afrika (Ramani 2023).

5. Die praktiese waarde van die dimensies van invloed

Dié afdeling werp lig op die praktiese waarde wat die dimensies van invloed met die doelwitte inhou. Die doelwitte is in die opsomming genoem. White en Holtz (2022) stel dit dat die eerste doelwit op magsuitbreiding in die internasionale politieke terrein fokus. Op watter manier dra Afrikalande by tot Rusland se magsposisie in die VN? Die Afrika-groep in die VN bestaan uit 54 lande (28% van alle VN-lidstate) en is die grootste streeksgroepering van al die lidstate (africanunion-un.org/africangroup 2022). Die groep verleen geweldige dryfkrag aan Rusland se aktiwiteite in die VN en gee aanleiding tot die vorming van vennootskappe wat belangrik is om Westerse imperialisme en die Euro-Atlantiese internasionale sekuriteitsorde uit te daag.

Indien Rusland se inval in Oekraïne in oorweging geneem word, het 17 Afrikalande 'n wegblystem in die VN se Algemene Vergadering aangeteken. Dit terwyl 28 van die 54 Afrikalande die inval veroordeel het. Eritrea was die enigste Afrikaland wat teen die resoluë gestem het, en sodoende aangesluit het by Belarus, Noord-Korea, Rusland en Sirië. Afrikalande se stemmery was dus nie eenparig nie en verdeel op grond van lojaliteit teenoor Rusland en ondersteuning vir Oekraïne. Die president van Suid-Afrika, Cyril Ramaphosa, het onder andere gesê dat die resoluë nie voorsiening maak vir betekenisvolle dialoog tussen Rusland en

Oekraïne nie. Verder is geen meganismes deur die VN geskep om vrede tussen die strydende partye aan te moedig nie. Die Keniaanse ambassadeur in die VN, Martin Kimani, het Rusland se inval egter sterk veroordeel en Oekraïne se reg op territoriale integriteit herbevestig (White en Holtz 2022).

Die tweede doelwit is die verkryging van natuurlike hulpbronne en grondstowwe. Rusland stel nie belang in Afrika se koolwaterstowwe (olie en gas) nie, maar wel in ander aardminerale, soos mangaan (100%), chroom (80%) en kobalt. Meer as 80% van Rusland se invoere van bauxiet is uit Afrika afkomstig. Die erts word in die vervaardiging van aluminiumprodukte gebruik. Die koste om die minerale in Afrika te myn, is laag en Rusland is reeds aktief betrokke by projekte in die DRK en die SAR (Siegle 2021a).

Van die ander projekte wat in Afrika beplan of reeds voltooi is, sluit die volgende in:

- Die bou van die wêreld se grootste platinumsmeltery in Darwendale, Zimbabwe. Die projek is 'n gesamentlike poging tussen Rusland se JSC Afromet en Zimbabwe se Pen East-maatskappy. Teen die einde van 2021 is die projek tydelik gestaak as gevolg van 'n gebrek aan fondse, maar belooft om wel op 'n latere stadium voltooi te word (rough-polished.com 2022).
- In Angola het die Russiese mynmaatskappy Alroser sy aandele in die plaaslike maatskappy Catoca onlangs tot 41% verhoog. Die ooreenkoms gee aan die diamantreus 'n produksiebasis buite Rusland.
- In Nigerië het een van die plaaslike olie-en-gasmaatskappye Oranto 'n samewerkings-ooreenkoms met Rusland se grootste olieverskaffer, Rosneft, gesluit. Die ooreenkoms bepaal dat 21 olieraffinaderye en ander voorsieningsfasiliteite in 17 Afrikalande ontwikkel word.
- Verskeie ander Russiese maatskappye het ook in Algerië, Ivoorkus, Egipte, Ghana en Libië se olie- en gasmaatskappye belê. Die beleggings het ten doel om Afrika se infrastruktuur te help ontwikkel en voorsieningskettings vir die toekoms te skep (Matusevich 2019:25–40).

Die derde doelwit is die verskaffing van wapentuig en sekuriteit. Volgens Ramani (2023) het Rusland in die laaste aantal jare die grootste verskaffer van wapentuig aan Afrikalande geword. Sedert 2015 het Rusland meer as 20 bilaterale ooreenkomste met Afrikalande gesluit om militêre samewerking te versterk. Wapenverkope is 'n groot bron van inkomste vir die Russiese Federasie asook 'n middel van magsvertoon. Russiese wapens is van goeie gehalte in vergelyking met ander lande se wapens. Die enigste land wie se wapens werklik met dié van Rusland kan meeding, is Amerika. Russiese wapens is ook op lang termyn betroubaar en kan as tweedehandse produkte aan ander belangstellende partye verkoop word. 'n Verdere voordeel van Russiese wapens bo dié van ander lande is dat Afrika-weermagte met die wapens vertrou is. Die wapens word reeds sedert die Sowjet-tydperk aan Afrikalande verskaf en personeel het opleiding ondergaan om die wapens self te herstel.

In hierdie paragraaf word die vierde en vyfde doelwitte bespreek, naamlik om te help met die voorsiening van energie en kapasiteit (die bou van kernkragentrales) en om Russiese maatskappye vir die bou van infrastruktuur te gebruik. Die tekort aan elektrisiteit maak die bou van kragentrales 'n winsgewende besigheid. Verskeie staatsbeheerde maatskappye, soos Gazprom, Lukoil, Rostec and Rosatom, is besig om om omgewingsimpakstudies te doen oor

die bou van energie-infrastruktuur. Teen die einde van 2021 het Rosatom kontrakte met 18 Afrikalande vir die bou van kernkragentrales gesluit. Van die lande sluit in Egipte, Ghana, Kenia, Nigerië, Rwanda en Zambië. Egipte is een van die lande wat groot voordeel uit Russiese kernkragtegnologie trek. 'n Kontrak vir die oprigting van vier groot 1200 MW-VVER-tipe kernkrag reaktors is teen 'n koste van VSA\$60 miljard gesluit (Kumon 2022).

6. 'n Kritiese evaluasie van Rusland se buitelandse beleid in Afrika

President Wladimir Poetin het in 2019 verklaar dat Rusland se betrokkenheid in Afrika oor die volgende vyf jaar gaan toeneem. Rusland sluit politieke vennootskappe met Afrikalande deur middel van die verkoop van wapens, die aanbod van militêre hulp, die voorsiening van elektrisiteit en die bou van infrastruktuur (Ramani 2023). In vergelyking met ander moondhede speel Rusland egter 'n klein rol om infrastruktuur in Afrika te help ontwikkel. Dit is in teenstelling met ander moondhede, byvoorbeeld Wes-Europa, Amerika en China, wat groot bedrae geld in die ontwikkeling van Afrika se infrastruktuur belê. Tydens die Sowjet-tydperk was Rusland in verskeie projekte regoor Afrika betrokke. Dit sluit die bou van kragentrales, damme en tegnologiese opleidingsentrums in. In die proses het Russiese maatskappye ondervinding opgedoen in die bou van infrastruktuur. Wat tans ontbreek, is finansiering (Daniel en Shubin 2018).

Tydens die Sotsji-beraad van 2019 is meer as 30 besigheidskontrakte tussen Rusland en Afrikalande gesluit. Die kontrakte wissel van ekonomiese samewerking tot militêrewapenverkope. Teen die einde van 2022 het handel tussen Rusland en Afrika tot VSA\$20 miljard gegroei (russia-briefing.com. 2023).

Afrika is een van die kontinente in die wêreld wat ryk aan natuurlike hulpbronne is. Russiese staatsbeheerde maatskappye het begin om die natuurlike hulpbronne op groot skaal te ontgin, byvoorbeeld in die SAR, Mali, die DRK en Soedan. Baie van die hulpbronne speel 'n groot rol in die ontwikkeling van Rusland se wapenvervaardiging (russia-briefing.com. 2023).

Rusland se buitelandse beleid in Afrika steun in 'n groot mate op die verskaffing van militêre hulp waar die Weste nie betrokke wil raak nie. In 2015 is die Russiese weermag in Sirië ontplooi. Heelwat Afrikalande het intussen by die Russiese weermag om hulp aangeklop vir die bevegting van Moslem-ekstremiste. Dit is om die leemte te vul wat deur die Amerikaanse weermag gelaat is nadat 'n wapenooreenkoms met die regering van Nigerië skeefgeloop het. Die Amerikaanse regering was besorg dat wapens in die hande van rebelle kon beland, wat tot groot menseregtevergrype sou lei (theintercept.com. 2022). Die PMM Wagner is bekend daarvoor om Moslem-ekstremiste in die SAR, Mali en Libië hok te slaan.

Rusland maak dit ook moeilik vir mededingers om natuurlike hulpbronne te bekom wat hulle nie het nie. Die waarde van die land se reserwes in natuurlike hulpbronne bedra ongeveer VSA\$75 triljoen. Dit is die land met die grootste afsettings van natuurlike hulpbronne in die wêreld wat wissel van koolwaterstowwe tot seldsame aardmetale (Smith 2022).

'n Ander aspek van Rusland se beleid is om vennootskappe met Afrikalande te sluit waarin die Weste nie belangstel nie. Rusland het geen probleem daarmee om lande te help wat hulle skuldig maak aan menseregtevergrype nie, byvoorbeeld Mali en Soedan (Smith 2022).

Onlangse bewyse van Rusland se invloed op die vasteland kan gesien word in Burkina Faso, waar Russiese vlae in die hoofstad Ouaga rondgeswaai is na 'n suksesvolle staatsgreep in Januarie 2022. In die SAR is 'n standbeeld van Wagner-soldate opgerig nadat lede van die groep 'n vrou en haar kind teen Moslem-rebelle beskerm het (Di Roma 2022).

7. Afrikalande se sienings

Eguegu (2022:445–62) voer aan dat militêre samewerking verhoudinge tussen Rusland en Afrika bevorder. Dit word deur beide partye as 'n positiewe stap gesien. Samewerking word uitgebou onder andere deur die aanwending van PMM'e om veiligheid en opleiding aan weermagte te verskaf. Volgens die skrywer is dit egter moeilik om te bepaal of PMM'e vrede en stabiliteit bring. Die uitgangspunt is dat veiligheid slegs aan onstabiele en kwesbare state sonder enige politieke voorbehoude gelewer word. Wagner word onder andere gekritiseer oor die verspreiding van disinformasie, die swak opleiding van regeringstroepen en 'n onvermoë om die plaaslike veiligheidsituasie te verander. Daar is ook koördineringsprobleme tussen soldate en lede van PMM'e.

Lande in Wes-Afrika beskou PMM'e in 'n positiewe lig. Dit is byvoorbeeld nie 'n verrassing dat Benin, Burkina Faso, Mali en Nigerië Rusland se PMM'e verwelkom nie. Daar is al vir jare gevegte tussen regeringstroepen en Moslem-insurgente aan die gang. Russiese PMM'e kan op dié manier help om die insurgente te beveg en sekuriteit te bring. Lede van die groepe behaal sukses in gevalle waar koördinasie met regeringstroepen bestaan. In ander gevalle word hulle in lokvalle gelei en ly verliese. Die Wagner-groep het reeds aansienlike lewensverliese in Mali en die SAR gely. Opmerklik is dat die jonger generasies in die SAR en Mali 'n vyandige houding teenoor die voormalige koloniale moondheid Frankryk ingeneem het en Rusland se ervaring op die gebied van sekuritisering verwelkom (Leonid, Shishkina en Liokumovich 2022:425–44).

Siegle (2023) voer aan dat Rusland en Afrika se verhouding histories op ideologiese gronde gebaseer was. In die huidige politieke klimaat speel ideologie egter 'n kleiner rol. Dit bring ons by die vraag watter voordele Afrikalande tans uit deurlopende samewerking met Rusland kry. Die kort antwoord is politieke ondersteuning. Kritiek deur die Weste is dat Rusland niekonvensionele metodes gebruik om invloed in Afrika uit te oefen. Dit sluit in die ontplooiing van huursoldate, disinformasieveldtogte, die verruiling van wapens vir minerale en die smokkel van kosbare edelgesteentes. Dié laekoste-, hoë-impak-instrumente van invloed word doeltreffend aangewend in die ondersteuning van outokratiese leiers in Afrika wat mag verloor en verlore aansien wil herstel. Rusland se steun aan leiers in die SAR, Mali en Soedan is gepaste voorbeelde (Siegle 2023).

7.1 *Anti-Westerse sentimente*

Afrikalande beskuldig die Weste van mislukte beleid op die vasteland. Dit lei tot 'n omswaai van steun aan Rusland. Dié stelling verwys nie slegs na die Weste se koloniale verlede, die sogenaamde plundering van natuurlike hulpbronne en slawerny nie, maar ook na kritiek teen die Westerse internasionale orde. Van Dok (2022) noem dat Amerika se onttrekking uit Afghanistan na 20 jaar van oorlogvoering die behandeling van asielsoekers uit die Globale Suide en ander hibriede bedreigings soos ekonomiese druk, kuberaanvalle en Westerse

propaganda, faktore is wat bydra tot Afrikalande se steun aan Rusland. Europese lande se streng beleid jeens migrante uit Noord-Afrika en die Sahel en diskriminasie wat hulle in Europa verduur, maak dat Rusland en lande in Asië as werksbestemmings oorweeg word.

Die Weste se versuim om die beginsels van demokrasie in die praktyk toe te pas is 'n verdere rede vir steun aan Rusland. Daar is byvoorbeeld min gelykheid, regverdigheid en wedersydse voordeel in internasionale organisasies wat deur die Weste beheer word. Rusland en China staan 'n multipolêre wêreld voor wat deur Afrikalande gesteun word. Op ekonomiese gebied kyk Afrikalande ook toenemend na Rusland. Van die redes is dat Westerse maatskappye se streng reëls en regulasies moeilik deur besigheidslui van Afrika geïnterpreteer word. Van die leiers in Afrika beweer verder dat die Weste nie op gelyke voet onderhandel ten opsigte van handel, belasting en immigrasie nie. Dit is byvoorbeeld van toepassing op die AU se Agenda 2063. Die agenda is 'n meesterplan vir die transformering van die kontinent en stel dit duidelik dat inklusiewe sosiale en ekonomiese ontwikkeling, streeks- en kontinentale integrasie, demokrasie, vrede en veiligheid slegs deur middel van eenheid, vryheid en gedeelde belange verkry kan word.

Die vraag is hoekom die meerderheid Afrikalande nie gestem het om Rusland se inval in Oekraïne te veroordeel nie. Die besluit van verskeie Afrikalande om neutraal en op goeie voet met Rusland te bly, is volgens Ajala (2022) op die volgende redes gebaseer: 1) Skeptisisme teenoor die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Nato) en die organisasie se motiewe. 2) Groeiende afhanklikheid van Rusland vir die voorsiening van wapens. 3) Groeiende afhanklikheid van Russiese koring en kunsmis. 4) Om die Koue Oorlog-mentaliteit van mededinging te vermy.

Afrikalande se besluite ten opsigte van die oorlog in Oekraïne word strategies benader, terwyl die Weste 'n verenigde front vorm om Rusland se aggressie teen te werk. As voorbeeld word genoem dat verskeie Afrikalande, insluitende Suid-Afrika, Nato as die aggressor in die konflik sien. Dit is omdat die organisasie al hoe nader aan Rusland se grense beweeg en 'n bedreiging vir Rusland inhou. Die President van Suid-Afrika het onlangs verklaar dat die oorlog vermy kon gewees het indien die leiers van Nato nie daarna gestreef het om die organisasie ooswaarts uit te brei nie. Wat nou gebeur, is dat die ooswaartse uitbreiding van die organisasie tot groter onstabieleit in die streek lei (moscow.arttube.ru. 2023).

Dit is ook nie die eerste keer dat Afrikalande skepties oor Nato se werksaamhede is nie. In 2012 het die voormalige president van Namibië Nato daarvan beskuldig dat die organisasie gehelp het om Muanmar Gadaffi van Libië se regering omver te werp. Dit het gelei tot groot-skaalse onstabieleit en chaos in Noord-Afrika en die Sahel. Na die dood van Gadaffi het Nato baie ongewild in verskeie Afrikalande geraak (moscow.arttube.ru. 2023).

White en Holtz (2022) verklaar dat verskeie Afrikalande afhanklik van Rusland vir koring en kunsmis is. Dit versterk ekonomiese bande. Tussen 2018 en 2020 het Afrikalande koring ter waarde van ongeveer VSA\$5,1 miljard van Rusland en Oekraïne ingevoer. Rusland produseer 17% van alle koring wêreldwyd en 13% van alle kunsmis. Afrikalande wat swaar gekry het tydens die Covid-pandemie is skepties om handelsbande met Rusland te verbreek. Afrikalande het ook groter toenadering tot Rusland en China gesoek tydens die pandemie, as gevolg van die skynbare onwilligheid van die Weste om genoegsame entstof te verskaf en finansiële hulp te verleen.

7.2 Die Russiese boodskappe om strategiese invloed in Afrika uit te oefen

Gorenburg (2021:127–36) skryf dat Rusland bepaalde boodskappe geskep het om strategiese invloed in die wêreld uit te oefen. Van die boodskappe is reeds hier bo genoem. Maar daar is ook ander boodskappe wat vir Afrikalande aantreklik is. 'n Boodskap wat goed weerklank met Afrikalande vind, is dat Rusland beskou kan word as 'n bastion van tradisionele waardes, in teenstelling met die sogenaamde dekadente waardes van die Weste. Hier word verwys na konserwatiewe en homofobiese gemeenskappe in Afrika wat gekant is teen die seksuele vryhede wat deur Westerse nasies verkondig word. Afrikalande beskou die seksuele vryhede as immoreel. Dit is 'n siening wat deur die Russiese Ortodokse Kerk, die grootste kerk in die land, verkondig word.

Rusland se herhaaldelike verwysing na Amerika as die aanhitser van oorloë in die Midde-Ooste en ander dele van die wêreld het besondere aantrekkingskrag vir Afrikalande. Dit is omdat 'n groot aantal Afrikane die Weste en slegs die Weste verantwoordelik hou vir die oorloë, konflikte en onstabieliteit wat die Globale Suide teister. Daar is byvoorbeeld heelwat Afrikane wat Amerika se inval in Irak as 'n misdadig beskou en daarom Rusland se pogings om die Weste se skynheiligheid uit te wys, verwelkom.

Afrikalande is ook baie krities oor Amerika se inmenging in die interne aangeleenthede van soewereine state. Dit is iets wat gereeld deur Rusland uitgewys word. Daar is byvoorbeeld bewerings dat agente van die Amerikaanse Central Intelligence Agency (CIA) betrokke was by onlangse pogings tot staatsgrepe in Burkina Faso, Mali, Guinee, Mauritanië en Gambië (theintercept.com. 2022).

Alles in ag geneem word Afrikalande se steun aan Rusland gemotiveer deur die historiese uitbuiting van Afrika deur die Weste, inmenging in die plaaslike aangeleenthede van Afrikalande, die rol wat Amerika speel om oorloë te begin, dikwels om sy eie belange te bevorder, en ander misstappe in die wêreld.

8. Ten slotte: Wat kan ons leer uit Rusland se nuwe rol in Afrika?

Die vraag wat aanvanklik gestel is, is watter vorme van diplomatie of invloed Rusland gebruik om die guns van Afrikalande te wen. Daar is gemengde antwoorde op die vraag. Die politieke dimensie wys dat Rusland wel goeie verhoudings handhaaf met lande wat tradisioneel Russiese bondgenote was. Die bande is tydens die Sowjet-tydperk gesmee en is tans nog sterk. Die ekonomiese dimensie het groot beperkinge, veral die gebrek aan genoegsame Russiese finansiële hulpbronne om 'n bydrae tot ekonomiese ontwikkeling te lewer. Rusland kan ook nie met groot Westerse en Chinese finansiële instellings vir beleggings en die bou van infrastruktuur meeding nie. China se finansiële hulp staan uit in hierdie verband. Afrika is steeds afhanklik van Westerse hulp en beleggings om ekonomies te ontwikkel. Die ekonomiese strategieë van die Weste fokus reeds vir jare op die openheid van gesprek vir ekonomiese groei en die bevordering van demokratiese beginsels op alle vlakke van die politieke proses. Rusland glo dat ekonomiese resultate behaal word slegs indien politieke verhoudings sterk is.

Tydens die Sotsji-konferensie van 2019 is politieke verhoudings met Afrikalande verstewig en verskeie ekonomiese inisiatiewe voorgestel. Een voorbeeld is dat Russiese besighede groter

toegang tot Afrika-markte kry. Daar is ook 'n aksieplan geformuleer wat samewerking vir die volgende vyf jaar met verskeie Afrikalande gebind het. Dit fokus op die bou van infrastruktuur en die uitbreiding van militêre samewerking. 'n Nuwe Rusland-Afrika-beraad is vir later in 2023 in St Petersburg voorgestel. Die verwagting is dat Rusland die beraad sal gebruik om sy status as groot moondheid te bevorder en nie om Amerikaanse en Chinese invloed op die kontinent uit te daag nie.

Een van die groot trekpleisters van Rusland se verhoudinge met Afrika is historiese solidariteit. Tydens die Sowjet-tydperk het vele leiers by vername opvoedkundige instellings in Rusland studeer; daar bestaan herinneringe van Rusland se ondersteuning in die stryd vir onafhanklikheid; en daar is ekonomiese hulp aangebied, byvoorbeeld die bou van fabriekke, damme en hospitale en die voorsiening van landbou-implemente, voertuie en wapens. Afrikalande sien Rusland ook as die mees uitgesproke kritikus van Westerse imperialisme.

Ten opsigte van militêre samewerking is Rusland in 'n sterk posisie. In die SAR, Libië en Mali verskaf Rusland militêre hulp om die stabiliteit van die regerings te handhaaf en die elite se politieke posisies te verseker. Dit word nie gedoen met finansiële hulp soos in die dae van die Sowjetunie nie, maar met die hulp van militêre konsultante wat opleiding verskaf. Met die hulp van voormalige Russiese adviseurs is nuwe leiers in Afrikalande verkies en die regerings wat hulle gevorm het, is nog aan bewind. Voorbeelde is Angola, Egipte, Mosambiek en Zimbabwe. Militêre hulpverlening is dus 'n waardevolle middel om diplomاسie te bevorder en invloed uit te oefen.

Hoe kan verhoudinge tussen Rusland en Afrika verbeter word? Dit hang af van die sluiting van meer konvensionele bilaterale ooreenkomste tussen instellings in Afrika, byvoorbeeld die AU en streeksorganisasies, en nie slegs tussen individue nie. Die inisiatiewe behoort voorsiening te maak vir sterker handelsbande, beleggings, die oordra van tegnologiese en opvoedkundige uitruilprogramme. Die kernfaktore om die proses te laat vloei, is deursigtigheid en gelykheid tussen alle rolspelers en nie Rusland se koöptering van leiers om strategiese invloed te verkry nie.

Bibliografie

Abramova, I. 2017. Potential of the African continent in the updated strategy of development of the Russian Federation. In Fituni en Abramova (reds.) 2017:5–16.

africannews.com. 2022. Sudan welcomes military base agreement with Russia in the Red Sea. 3 Maart. <https://www.africanews.com/2022/03/03/sudan-welcomes-military-base-agreement-with-russia-in-the-red-sea> (26 April 2023 geraadpleeg).

africanunion-un.org/africangroup. 2022. The African Group. <https://www.africanunion-un.org/africangroup> (7 Junie 2023 geraadpleeg).

afrocom.info.2023. About AFROCOM. <https://afrocom.info/en> (26 April 2023 geraadpleeg).

Ajala, O. 2022. Russia's war with Ukraine: five reasons why many African countries choose to be "neutral". 30 Maart. <https://theconversation.com/russias-war-with-ukraine-five-reasons-why-many-african-countries-choose-to-be-neutral-180135> (26 April 2023 geraadpleeg).

Ali, M. 2019. AU commissioner thanks Russia for helping get CAR peace deal parties to negotiating table. 10 Februarie. <https://www.urdupoint.com/en/world/au-commissioner-thanks-russia-for-helping-get-549808.html> (20 Junie 2023 geraadpleeg).

An, J. en A. Mikhaylov. 2020. Russian energy projects in South Africa. *Journal of Energy in Southern Africa*, 31(3):58–64.

Arkhangelskaya, A. en V. Shubin. 2013. Russia-South Africa relations: beyond revival. <https://saiia.org.za/wp-content/uploads/2013/10/Policy-Briefing-75.pdf>.

Berridge, G.R. 2000. *Diplomacy: theory and practice*. Londen: Palgrave Macmillan.

Besenyő, J. 2019. Can Russia offer Africa an alternative to China and the US? 24 Oktober. <https://www.iol.co.za/news/politics/opinion/canrussia-offer-africa-an-alternative-to-china-and-the-us-35788340> (10 November 2022 geraadpleeg).

Daniel, R. en V. Shubin. 2018. Africa and Russia: the pursuit of strengthened relations in the post-Cold War era. In Nagar en Mutasa (reds.) 2018:51–70.

Di Roma, C. 2022. CAR's capital pays tribute to national army, Russian soldiers. 24 Februarie. <https://www.voanews.com/a/car-capital-pays-tribute-to-national-army-russian-soldiers/6457665.html> (14 Junie 2023 geraadpleeg).

Ecofin, A. 2022. Africa imports seven times more goods from Russia than it exports to Vladimir Putin's country. 10 Maart. <https://ecomnewsafrique.com/en/2022/03/10/africa-imports-seven-times-more-goods-from-russia-than-it-exports-to-vladimir-putins-country> (26 April 2023 geraadpleeg).

Egerov, B. 2020. How Russian "Cossacks" tried to conquer Africa. 16 Maart. <https://www.rbth.com/history/331829-russian-cossacks-africa> (26 April 2023 geraadpleeg).

Eguegu, O. 2022. Russia's private military diplomacy in Africa: high risk, low reward, limited impact. *South African Journal of International Affairs*, 29(4):445–62.

Elbassoussy, E. 2022. The growing Russian role in sub-Saharan Africa: interests, opportunities and limitations. *Journal of Humanities and Applied Social Sciences*, 4(3):251–70.

Fabricius, P. 2023. South Africa in talks with Russian airline over SA-Moscow flight route – Swiss journal. 8 Februarie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2023-02-08-south-africa-in-talks-with-russian-airline-over-sa-moscow-flight-route-swiss-journal> (26 April 2023 geraadpleeg).

- Fasanotti, F.S. 2022. Russia's Wagner Group in Africa: influence, commercial concessions, rights violations, and counterinsurgency failure. 8 Februarie. <https://www.brookings.edu/articles/russias-wagner-group-in-africa-influence-commercial-concessions-rights-violations-and-counterinsurgency-failure> (6 Junie 2023 geraadpleeg).
- Fituni, L.L. en I.O. Abramova (reds.). 2017. *African studies in Russia*. Moskou: Institute for African Studies.
- Gorenburg, D. 2021. Russian strategic messaging: propaganda and disinformation efforts. In Herd (red.) 2021.
- Harding, L. 2020. *Shadow state: murder, mayhem and Russia's remaking of the West*. Londen: Faber en Faber.
- Hayrapetyan, L. en J. Kučera. 2021. Russian foot on the Central African Republic's soil: an example of a tactical alliance. *Central European Journal of International and Security Studies*, 16(3):34–55.
- Herd, G.P. (red.). 2021. *Russia's global reach: a security and statecraft assessment*. Garmisch-Partenkirchen: George C. Marshall European Center for Security Studies.
- Jack, M. (red.). 2010. *Africa and the New World era from humanitarianism to a strategic view*. New York: Palgrave Macmillan.
- Jacobsen, K.L. en K.P. Larsen. 2023. Liberal intervention's renewed crisis: responding to Russia's growing influence in Africa. *International Affairs*, 99(1):259–78.
- Jamasmie, C. 2020. Russia's comeback in Africa favours profit over long-term influence – analyst. 4 Februarie. <https://www.mining.com/russias-comeback-in-africa-favours-profit-over-long-term-influence-analyst> (26 April 2023 geraadpleeg).
- Katz, D.H. 2020. *Defence diplomacy: strategic engagement and interstate conflict*. Londen: Routledge.
- Kennan, G. 1985. *American diplomacy*. Chicago: University of Chicago.
- Khanyile, M. 2022. Sanctions against Russia will affect arms sales to Africa: the risks and opportunities. 30 Maart. <https://www.defenceweb.co.za/featured/sanctions-against-russia-will-affect-arms-sales-to-africa-the-risks-and-opportunities> (26 April 2023 geraadpleeg).
- Kumon, T. 2022. Russia and China throw weight behind Africa's nuclear power drive. 22 Julie. <https://asia.nikkei.com/Business/Energy/Russia-and-China-throw-weight-behind-Africa-s-nuclear-power-drive>(26 April 2023 geraadpleeg).
- Lanfranchi, G. en K. de Bruijne. 2022. *The Russians are coming! Russia's growing presence in Africa and its implication for European policy*. Den Haag: Clingendael Institute.
- Leonid, I., A. Shishkina en Y. Liokumovich. 2022. Perceptions of Russia's "return" to Africa: views from West Africa. *South African Journal of International Affairs*, 29(4):425–44.

Lewis, D.G. 2021. Russian diplomacy and conflict management. In Herd (red.) 2021.

Marten, K. 2019. Russia's back in Africa: is the Cold War returning? *The Washington Quarterly*, 42:155–70.

—. 2020. The GRU, Yevgeny Prigozhin, and Russia's Wagner Group: malign Russian actors and possible U.S. responses. 7 Julie. <https://docs.house.gov/meetings/FA/FA14/20200707/110854/HHRG-116-FA14-Wstate-MartenK-20200707.pdf>.

Matusevich, M. 2019. Russia in Africa: a search for continuity in a post-Cold War era. *Insight Turkey*, 21(1):25–40.

Mberi, R. 2023. How China, Russia and the US compete over control in Africa. 3 Februarie. <https://politicstoday.org/china-russia-united-states-compete-in-africa> (1 Junie 2023 geraadpleeg).

moscow.arttube.ru. 2023. Institute for African Studies of the Russian Academy of Sciences. https://moscow.arttube.ru/institution/Institute-for-African-Studies-of-the-Russian-Academy-of-Sciences_en (26 April 2023 geraadpleeg).

Nagar, D. en C. Mutasa (reds.). 2018. *Africa and the world: bilateral and multilateral international diplomacy*. Londen: Palgrave Macmillan.

Pahm, J.P. 2010. Back to Africa: Russia's new African engagement. In Jack (red.) 2010:71–83.

—. 2014. Russia's return to Africa. 14 Maart. <https://www.atlanticcouncil.org/commentary/article/russia-s-return-to-africa> (26 April 2023 geraadpleeg).

Ramani, S. 2023. *Russia in Africa: resurgent great power or bellicose pretender?* Londen: Hurst.

Reed, E. 2022. Gazprom launches El Assel work in Algeria. 3 Februarie. <https://www.energyvoice.com/oilandgas/africa/ep-africa/384978/algeria-gazprom-el-assel> (26 April 2023 geraadpleeg).

rough-polished.com. 2022. Zim-Russia platinum project: a dream deferred? 20 Junie. <https://www.rough-polished.com/en/analytics/125918.html> (23 April 2023 geraadpleeg).

russia-briefing.com. 2023. A 2023 Russia-African Trade Summary. 2 Februarie. <https://www.russia-briefing.com/news/a-2023-russia-african-trade-summary.html> (12 Junie 2023 geraadpleeg).

sadc.int. 2018. SADC, Russia sign MoU on basic principles of relations and cooperation. 24 Oktober. https://www.sadc.int/latest-news/sadc-russia-sign-mou-basic-principles-relations-and-cooperation_(26 April 2023 geraadpleeg).

Shubin, V. en A. Tokarev. 2001. War in Angola: a Soviet dimension. *Review of African Political Economy*, 28(90):607–18.

Siegle, J. 2021a. Russia's strategic goals in Africa. 6 Mei. <https://africacenter.org/experts/joseph-siegle/russia-strategic-goals-africa> (26 April 2023 geraadpleeg).

—. 2021b. Russia's asymmetric strategy for expanding influence in Africa. 17 September. http://eprints.lse.ac.uk/112236/1/africaatlse_2021_09_17_russia_asymmetric_strategy_expanding_influence.pdf.

—. 2023. Decoding Russia's economic engagements in Africa. 6 Januarie. <https://africacenter.org/spotlight/decoding-russia-economic-engagements-africa> (26 April 2023 geraadpleeg).

Signé, L. 2020. Vladimir Putin is resetting Russia's Africa agenda to counter the US and China. 22 Oktober. <https://www.brookings.edu/opinions/vladimir-putin-is-resetting-russias-africa-agenda-to-counter-the-us-and-china> (26 April 2023 geraadpleeg).

Simoncelli, L. 2019. Russia-Africa: what has been agreed at Sochi summit? 15 November. <https://www.ispionline.it/en/publication/russia-africa-what-has-been-agreed-sochi-summit-24401> (26 April 2023 geraadpleeg).

Smith, J. 2022. Russian foreign policy in Africa. 2 Junie. <https://greydynamics.com/russian-foreign-policy-in-africa> (10 Junie 2023 geraadpleeg).

Stronski, P. 2019. *Late to the party: Russia's return to Africa*. Washington: Carnegie Endowment for International Peace.

Svoboda, K. 2022. Russia's loans as a means of geoeconomic competition in Africa and Latin America. *Problems of Post-Communism*, 69(4):311–31.

theintercept.com. 2022. U.S. trained officers have led numerous coups in Africa. 9 Maart. <https://theintercept.com/2022/03/09/intercepted-podcast-africa-coup> (26 April 2023 geraadpleeg).

Van Dok, G. 2022. Russia's ties with Africa. 6 Mei. <https://www.helvetas.org/en/switzerland/how-you-can-help/follow-us/blog/Other/africa-russia> (26 April 2023 geraadpleeg).

Volodzko, D. 2023. Tigrayans need a path home after Abiy's war. 18 Januarie. <https://foreignpolicy.com/2023/01/18/tigray-ethiopia-refugees-abiy> (26 April 2023 geraadpleeg).

White, A. en L. Holtz. 2022. Figure of the week: African countries' votes on the UN resolution condemning Russia's invasion of Ukraine. 9 Maart. <https://www.brookings.edu/blog/africa-in-focus/2022/03/09/figure-of-the-week-african-countries-votes-on-the-un-resolution-condemning-russias-invasion-of-ukraine> (26 April 2023 geraadpleeg).